

HOOFSTUK 26: VAN JESUS SE VONNIS TOT SY OPSTANDING EN VERSKYNNINGS

1. Jesus voor Pilatus en voor Herodes

1.1 Die beskuldigings teen Jesus

Nadat die Joodse Raad die doodsvonnis uitgespreek het weens beweerde godslastering, het hulle Jesus vroeg in die môre na die ampswoning van Pontius Pilatus, die Romeinse goewerneur, geneem.

- Die Raad kon wel die doodsvonnis uitspreek, maar hulle kon dit nie voltrek tensy dit deur die goewerneur bekragtig was nie. Daarom moes Jesus nou voor die Romeinse regbank verskyn.
- Die Jode het nie self in die ampswoning van die goewerneur ingegaan nie, want dan sou hulle hulle verontreinig, en dan kon hulle volgens die Joodse wette nie die Pasga eet nie. Daarom het Pilatus na hulle toe uitgegaan en hulle gevra wat die beskuldiging teen Jesus is.
- **Hulle wou hê dat Pilatus hulle doodsvonnis bekragtig sonder dat hy self 'n ondersoek hou. Pilatus kon dit nie toelaat nie, want dan sou hulle 'n reg verkry wat juis deur die Romeine van hulle weggeneem is. Hy wou Jesus wel aan hulle oorhandig, maar dan mag hulle Hom nie doodmaak nie. So was hulle toe tog verplig om 'n beskuldiging teen Jesus in te bring.**
- Hierop het die Jode nie geaarsel om met leuens vorendag te kom nie. Hulle het Hom beskuldig dat Hy 'n kwaaddoener en oproermaker is, en dat Hy sy dissipels verbied het om aan die keiser belasting te betaal, terwyl Hy sou gesê het dat Hy self Christus die Koning is.
- Hierdie beskuldiging was vir Pilatus ernstig genoeg om te ondersoek.

1.2 Jesus en Pilatus

- Pilatus het toe vir Jesus gevra of Hy die koning van die Jode is. Jesus het nie direk hierop geantwoord nie, maar gevra of Pilatus dit uit homself vra, en of iemand anders dit vir hom gesê het. Omdat Pilatus nie so 'n antwoord te wagte was nie, het hy nors gevra: “Is ek dan 'n Jood?”, want hy wou nie soos 'n Jood behandel wees nie.
- Pilatus vra Hom toe: “Wat het jy gedoen?” Hierop het Jesus hom die aard en karakter van sy koningskap te kenne gegee. Sy koninkryk is nie van hierdie wêreld nie, het Hy gesê. “Dan is jy tog wel 'n koning?” het Pilatus gevra. Jesus het geantwoord: “Dit is soos u sê: Ek is 'n koning.”
- Hy het verder gesê dat Hy in die wêreld gekom het om oor die waarheid getuienis af te lê. Pilatus vra toe: “Wat is waarheid?” Daarna het hy weer na die Jode toe uitgegaan en vir hulle gesê dat hy geen skuld in Jesus vind nie.
- Dit het die Jode nog meer hardvogtig gemaak. Hulle het Jesus beskuldig dat Hy die hele volk in beroering bring en dat Hy die leer waarmee Hy al in Galilea begin het, nou in Judea verkondig.
- Toe Pilatus hoor dat Jesus van Galilea afkomstig was, het hy Hom na Herodes verwys, want volgens Romeinse reg kan 'n misdadiger verhoor word in die plek waar hy vandaan kom.
 - Herodes Antipas was die viervors van Galilea en Perea, en hy was toe juis in Jerusalem.
 - Daarmee het Pilatus sy beleefdheid teenoor Herodes bewys en terselfdertyd gemeen dat hy ontslae sou wees van Jesus.

1.3 Jesus voor Herodes

Herodes was bly om Jesus te sien, want hy het al baie van Hom gehoor, en hy het gehoop dat Jesus die een of ander teken sou doen wat hy kon sien.

- Hy het Jesus baie ondervra, maar Jesus het hom niks geantwoord nie. Terwyl Jesus voor Kajafas sy Godheid bely het, en voor Pilatus sy Koningskap, het Hy hier voor Herodes geswyg, hoewel die priesterhoofde en Skrifgeleerdes Hom heftig staan en beskuldig het.
- Herodes en sy soldate het Jesus met veragting behandel en Hom bespot. Hulle het vir Hom 'n deftige kleed omgehang om Hom op dié manier as 'n spotkoning te behandel en hulle het met hom die spot gedryf.

- Daarna het hulle Jesus na Pilatus teruggestuur.

1.4 Die keuse: Jesus of Barabbas

Pilatus het probeer om Jesus vry te laat gaan sonder om in onguns by die Jode te kom.

- Hy het geen skuld in Hom gevind nie, net soos Herodes, en daarom wou hy Jesus laat gésel en Hom dan loslaat.
- Pilatus het die gewoonte gehad om op die Paasfees een van die Joodse gevangenes los te laat, naamlik dié een wat deur die Jode self gekies word. Die keuse waarvoor Pilatus die Jode gestel het, was dat óf Jesus óf Barabbas losgelaat word. Barabbas was as gevolg van opstand en moord in die tronk.
- Die priesterhoofde was dadelik gereed met hul keuse. Hulle het die volk vooraf bewerk om nie vir Jesus te kies nie.
- Intussen het Pilatus 'n boodskap van sy vrou gekry om Jesus geen kwaad aan te doen nie aangesien Hy onskuldig is. Pilatus het hom nie hierdeur laat lei nie.
- Toe hy vir die Jode vra wie hulle losgelaat wil hê – Jesus of Barabbas – het hulle asof uit een mond geantwoord: “Barabbas!” Barabbas verkry so sy vryheid ten koste van Jesus, en Jesus is deur sy eie volk vir erger as 'n moordenaar uitgemaak.

1.5 Jesus word oorgegee om gekruisig te word

Pilatus wou nog 'n poging aanwend om Jesus vry te laat. Hy vra toe weer: “Watter kwaad het die man gedoen?” maar die Jode het aanhoudend geskreu: “Kruisig, kruisig hom!”

- Pilatus wou Jesus maar net laat gésel en dan loslaat, maar die Jode het aangehou om aan te dring dat Hy gekruisig moes word, en hulle het Pilatus selfs gedreig dat as hy Jesus sou loslaat, hy nie 'n vriend van die keiser is nie.
- Toe Pilatus dit hoor, het hy besef dat dit 'n ernstige aanklag teen hom kon word. Die keiser in Rome sou hierin 'n teken kon vind dat hy nie bekwaam genoeg is om te regeer nie, en hom van sy amp onthef.
- Pilatus het Jesus toe buitentoe gebring en hy self het op die regterstoel gaan sit op die plek met die naam Klipterras, in Hebreeus “Gabbata”. Hy wou voorgee dat hy onskuldig is aan Jesus se bloed, en daarom het hy water gevat en sy hande gewas en gesê: “Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie man. Dit is julle verantwoordelikheid.”
- Daarop het die Jode uitgeroep: “Ons aanvaar die verantwoordelikheid vir sy bloed, ons en ons kinders!”
- Toe het Pilatus vir Barabbas losgelaat, en Jesus het hy laat gésel. Die soldate het Jesus se klere uitgetrek en vir Hom 'n pers mantel omgehang. Hulle het 'n doringkroon gevleg en dit op sy kop gesit, en 'n stok in sy hand gesit vir 'n septer. So het hulle met Hom gespot. Hulle het voor Hom gebuig en gesê: “Ons groet U, Koning van die Jode!” en hulle het Hom elke keer geklap.
- In hierdie jammerlike toestand het Pilatus toe vir Jesus na buite gebring en Hom vir die Jode gewys. “Dit is die Mens!” het hy gesê. Toe hulle Hom sien, skreue hulle: “Kruisig hom! Kruisig hom!” Pilatus het **weer verklaar dat Jesus onskuldig is** en vir die Jode gesê dat hulle Hom dan maar self moet kruisig.
- Toe die Jode aanhou om te eis dat Hy gekruisig moet word, het Pilatus Hom oorgegee om gekruisig te word.

In hierdie verhoor het almal saamgespan teen Jesus – die Jode, Pilatus en Herodes – en is die reg op die mees gruwelike wyse verkrag. Jesus het dit alles gewillig ondergaan as deel van sy borgtogtelike lyde.

2. Golgota

2.1 Jesus dra sy kruis na Golgota

Pilatus het Jesus op versoek van die Jode oorgegee om gekruisig te word.

- So sou Jesus versoening kon doen vir die sonde van die volk, en omdat Hy dit geweet het, het Hy Hom nie teen die vonnis verset nie. Hulle het Jesus weggelei en Hom behandel “soos ’n lam wat na die slagplek toe gelei word en soos ’n skaap wat stil is as hy geskeer word – hy het nie gekla nie” (Jes. 53:7).
- Jesus moes self sy kruis dra, en Hy moes tussen die soldate loop na die plek toe wat genoem word Kopbeenplek, in Hebreeus “Golgota”.
 - Dit was ’n heuwel buite die stadsmure van Jerusalem wat waarskynlik so genoem is omdat dit die vorm van ’n kopbeen gehad het.
 - Soos die liggame van die diere wat vir die soenoffers geoffer is, buite die Israelitiese laer verbrand is, moes Jesus buite die stadsmuur sterf (Heb. 13:11,12).
- Hy het sy kruis deur die stad gedra, maar toe hulle buitekant die stad kom, kon Jesus nie meer nie. Hulle het toe ’n sekere Simon van Sirene gedwing om sy kruis te dra.
- Onder die mense wat agter Jesus aangeloop het, was daar ’n aantal vroue wat oor Hom getreur en gehuil het. Jesus het na hulle omgedraai en gesê: “Vroue van Jerusalem, moenie oor My huil nie, huil oor julleself en julle kinders.” Jesus het toe gewys op die oordeel wat oor Jerusalem sou kom.

2.2 Die kruisiging

Toe hulle by Gulgota kom, het hulle Hom ’n mengsel van wyn en gal gegee om te drink.

- Toe Jesus dit proe, wou Hy dit nie drink nie. Waarskynlik het dit ’n verdowende effek gehad, en Jesus wou geen verligting van sy lyde aanvaar nie.
- Hulle het sy klere uitgetrek en Hom gekruisig deur sy hande en voete aan die kruis vas te slaan. Daar het Hy kaal aan die kruis gehang tussen twee misdadigers wat saam met Hom gekruisig is.
- Daar was ’n opskrif bokant Hom teen die kruis aangebring vir elkeen om te lees – in Hebreeus, Latyn en Grieks: “Jesus van Nasaret, die Koning van die Jode.”
- Terwyl Jesus daar aan die kruis gehang het, het die soldate sy klere onder mekaar verdeel. Sy onderkleed was sonder naat in een stuk geweef, en hulle het geloot om te bepaal wie dit moes kry.

2.3 Die twee misdadigers

Jesus se lyde aan die kruis is verder verhoog deur die hoon en spot wat Hy moes verduur.

- Selfs die een misdadiger wat saam met Hom gekruisig is, het Hom beledig.
 - Terwyl hy self reeds besig was om te sterf, het hy Jesus gelaster. “Is jy dan nie die Christus nie? Red jouself, en ons,” het hy gesê.
 - Hy het slegs na liggaamlike verlossing gesmag.
- Die ander een het na ’n beter verlossing gesoek.
 - Hy het die eerste misdadiger tereggewys: “Is jy nie bang vir God nie? Jy ondergaan tog dieselfde straf as hierdie man! In ons geval is dit regverdig, want ons ontvang die verdiende straf vir ons dade, maar hierdie man het niks verkeers gedoen nie.”
 - Toe draai hy na Jesus en sê: “Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom.”
- Jesus verhoor hierdie smeekbede as Hy sê: “Ek verseker jou, vandag sal jy saam met My in die paradys wees.”

Die werkende krag van die kruis kan al hier gesien word. Selfs die grootste sondaars kan by Hom redding kry deur die geloof.

2.4 Jesus verder bespot

- Jesus se bespotting is verder vererger deur die verbygangers, en selfs deur die priesterhoofde en Skrifgeleerdes. Hulle het hulle koppe geskud en gesê: “Jy wat die tempel afbreek en in drie dae

opbou! Red jouself as jy die Seun van God is, en kom van die kruis af!”

- Die priesterhoofde en Skrifgeleerdes het gesê: “Ander het Hy gered, maar homself kan Hy nie red nie. Hy is mos die koning van Israel! Laat hy nou van die kruis afkom, en ons sal in hom glo.”

Die betekenis van die kruisdood lê daarin dat Jesus gewillig die spot en hoon, en die lyde van hierdie dood aanvaar het. Die kruisdood was immers deur God vervloek (Deut. 21:23). Christus was van God en mens verlaat sodat ons nooit meer deur God verlaat sou word nie.

2.5 Die kruiswoorde

In die verskillende Evangelies is daar sewe uitsprake aangeteken wat Jesus uitgespreek het terwyl Hy aan die kruis gehang het.

- In die eerste kruiswoord word Jesus se Middelaarsliefde tot sy vyande geopenbaar wanneer Hy tot sy Vader bid: “Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!”
- Die tweede kruiswoord is sy versekering aan die moordenaar aan die kruis: “Ek verseker jou, vandag sal jy saam met My in die paradys wees.”
- Aan die kruis dink Jesus aan die smart van ander, veral sy moeder wat ’n swaard deur haar siel voel gaan wanneer sy haar seun aan die kruis sien hang. Hy wys na Johannes wat voortaan vir haar ’n seun sal wees: “Daar is u seun,” en hy lê op Johannes die roeping om vir Maria te sorg: “Daar is jou moeder.”
- Die hoogste uiting van Jesus se lyde kom in die vierde kruiswoord na vore: “Eli, Eli, lamá sabagtani?” Dit beteken: “My God, my God, waarom het U My verlaat?” Dit is die hoogtepunt van sy lyde, en tegelyk van sy Middelaarswerk. Sommige van dié wat daar gestaan het, het gedink dat Hy vir Elia roep, en het die spot daarmee gedryf. Sy verlatenheid deur God beteken dat ons nooit meer deur God verlaat sal word nie.
- In sy vyfde kruiswoord – “Ek is dors” – gee Jesus te kenne hoe bitter sy lyde is. Hulle het toe ’n spons vol suur wyn op die hisoptakkie gesit en teen sy mond gehou.
- Nadat Hy die suur wyn gekry het, het Hy gesê: “Dit is volbring!” Hiermee het Jesus te kenne gegee dat Hy die volle raad van God volbring het. Hy het alles wat nodig is vir ons gedoen, en daarmee kon Hy nou sy lewe oorgee aan God.
- Dit getuig Hy met die laaste kruiswoord: “Vader, in u hande gee Ek my gees oor.” Nadat Hy dit gesê het, het Hy die laaste asem uitgeblaas.

2.6 Dood en begrafnis van Jesus

Daar het baie tekens plaasgevind met die dood van Jesus. Hierdie tekens gee te kenne dat Jesus se ryk nie tot ’n einde gekom het met sy dood nie.

- Van twaalfuur tot drieuur het duisternis oor die hele land gekom.
- Die voorhangsel in die tempel het van bo na onder middeldeur geskeur, wat aangetoon het dat die ou bedeling tot sy einde gekom het en dat daar nou vrye toegang tot God is deur die bloed van Jesus.
- Die aarde het geskud en die rotse het uitmekaar gebars, grafte het oopgegaan en baie gelowiges wat dood was, het weer lewendig geword. Jesus se dood beteken dat die dood vir die gelowiges oorwin is.
- Selfs toe die kaptein wat Jesus bewaak het, dit sien, het hy gesê: “Hierdie man was werklik die Seun van God!”

Omdat die liggame volgens Joodse gebruik nie op die Sabbatdag aan die kruis mag bly hang nie, het hulle gevra dat die liggame van die kruis afgehaal word.

- Om te sien of Hy werklik dood was, het een van die soldate ’n spies in Jesus se sy gesteek, en daar

het dadelik bloed en water uitgekom.

- Hulle het die ander gekruisigdes se bene gebreek, maar omdat Jesus reeds dood was, het hulle geen been van Hom gebreek nie. Dit is in ooreenstemming met die opdragte in verband met die paaslam (Eks. 12:46), en dit toon aan dat Jesus die Paaslam is.
- Daarna is Jesus in die nuwe graf van Josef van Arimatea begrawe.
- Nikodemus, met wie Jesus in die nag gepraat het oor die wedergeboorte, het speserye gebring om die liggaam van Jesus te balsem.

3. Jesus se opstanding

3.1 Die opstanding

Jesus se vyande kon Hom na sy dood nie met rus laat nie. Hulle was bang dat sy dissipels sou kom en sy liggaam steel en dan sou sê dat Hy opgestaan het.

- Daarom het hulle die graf verseël met die keiserlike seël en is daar 'n wag van Romeinse soldate voor die graf geplaas. Dit het dus gelyk of die satan getriomfeer het.
- Jesus is op die sesde dag van die week, die Vrydag, vóór sonsondergang in die graf neergelê. Op die sewende dag, die Joodse Sabbat, het sy liggaam daar in die graf gelê. Op die môre van die eerste dag van die week, ons Sondag, het die opstanding plaasgevind.
- As daar in Matteus 12:40 staan dat Jona drie dae en drie nagte in die maag van 'n groot vis was, en dat die Seun van die mens net so vir drie dae en drie nagte binne-in die aarde sal wees, dan is dit nie in stryd met die feite nie.
- Hoewel Jesus maar twee nagte in die graf was, moet ons dit so verklaar: Die uitdrukking “drie dae en drie nagte” word in die Hebreeus in die algemeen gebruik om die tyd van drie dae aan te dui (vgl. 1 Samuel 30:12,13) en die drie dae word inklusief getel van Vrydag tot Sondag.
- Die dood het geen verderwende invloed op die liggaam van Jesus gehad nie (kyk Hand. 2:31).
- Op die môre van die derde dag, die eerste dag van die week, was daar 'n groot aardbewing.
 - 'n Engel van die Here het uit die hemel gekom, die klip voor die graf weggerol en daarop gaan sit. Hy was so blink soos weerlig, en sy klere was wit soos sneeu.
 - Die wagte was so verskrik dat hulle soos dooies geword het. Party van hulle het vir die priesterhoofde gaan vertel wat alles gebeur het. Die Joodse leiers het gou bymekaargekom en besluit om die wagte om te koop om te vertel dat Jesus se dissipels in die nag gekom en Jesus se liggaam gesteel het. Dit is die storie wat toe onder die Jode vertel is.

Jesus het uit die graf opgestaan as die Vors van die lewe.

- Hiermee het hy bewys dat Hy waarlik die Seun van God is.
- Hy is deur die Gees van God uit die dood opgewek (Rom. 8:11). Die opstanding van Jesus is van die grootste betekenis.
- Die dood is deur Jesus oorwin, en die lewende Christus kan nou aan ons sy geregtigheid skenk.
- Die opstanding van Christus is die grond van ons regverdigmaking.

3.2 Die vroue by die graf

Vroeg op die eerste dag van die week het 'n aantal vroue na die graf gegaan. Toe hulle daar kom, sien hulle dat die klip voor die graf weggerol is.

- Die engel het toe vir hulle gesê: “Hy is nie hier nie, want Hy is uit die dood opgewek soos Hy gesê het.”
- Die engel het hulle beveel om dit te gaan vertel aan die dissipels, en in die besonder aan Petrus. Hulle moet Galilea toe gaan, want daar sal hulle Hom sien.
- Die vroue het haastig na die dissipels gegaan om hierdie blye boodskap aan hulle te bring.

3.3 Petrus en Johannes by die graf

Volgens die Evangelie van Johannes was Maria Magdalena nie by die ander vroue toe die engel aan hulle verskyn het nie.

- Toe sy sien dat die klip voor die graf weggerol is, het sy dadelik na Petrus en Johannes gehardloop om aan hulle te vertel dat die liggaam van Jesus weggevat is.
- Petrus en Johannes het na die graf gehardloop. Johannes het eerste in die graf ingezyk en die doeke daar sien lê. Petrus het in die graf ingegaan en gemerk dat die doek wat om Jesus se kop was, eenkant opgerol lê.
- Hy het dit vir Johannes gewys, en toe sien Johannes dit ook. Toe het Johannes oortuig geraak dat die liggaam van Jesus nie weggevat is nie, maar dat Hy opgewek is uit die dood. Johannes het geglo. Daarna het hulle weer huis toe gegaan.

4. Verskynings van Jesus na sy opstanding

Jesus het nog 40 dae op die aarde gebly nadat Hy opgestaan het. Gedurende hierdie tyd het Hy verskeie male aan verskillende mense verskyn. Die verskynings van Jesus het ten doel gehad om sy dissipels daarvan te oortuig dat Hy uit die dood opgewek is. Hy het regtig opgestaan. Dit is wat hulle later in die prediking van die Evangelie moes verkondig.

4.1 Maria Magdalena, uit wie Hy sewe duiwels gedryf het

Jesus het eerste verskyn aan Maria Magdalena, uit wie Hy sewe duiwels gedryf het.

- Nadat sy aan Petrus en Johannes vertel het dat die liggaam van Jesus weggevat is, het sy weer na die graf gegaan en twee engele met wit klere aan daar sien sit. Hulle het haar gevra waarom sy so huil. Sy sê toe dit is omdat hulle haar Here weggevat het en sy nie weet waar hulle Hom nou begrawe het nie.
- Toe sy haar omdraai, het Jesus voor haar gestaan, maar sy het nie geweet dat dit Hy is nie. Sy het gedink dis die tuinopsigter. Maar toe Jesus vir haar sê: “Maria!” het sy dadelik vir Hom gesê: “Rabboeni!” (dit beteken “leermeester”).
- Jesus het haar beveel om Hom nie vas te hou nie, want Hy het nog nie na sy Vader opgevaar nie.
- Sy moet aan die ander dissipels gaan vertel dat Hy opgewek is, en dat Hy gaan opvaar na sy Vader toe.

4.2 Die vroue wat saam met Maria na die graf gegaan het

Die tweede verskyning het plaasgevind aan die vroue wat vroeg die môre saam met Maria na die graf gegaan het.

- Dit het plaasgevind kort na die verskyning aan Maria.
- Terwyl die vroue van die graf af op pad was om die boodskap van die engele dat Jesus opgewek is, aan die dissipels te gaan vertel, het Jesus op die pad aan hulle verskyn en hulle gegroet.
- Nadat Hy hulle gerusgestel het, het Hy hulle beveel om vir sy dissipels te sê dat hulle na Galilea moet gaan, waar hulle Hom sal sien.

4.3 Petrus

Op hierdie selfde dag het Jesus aan Petrus verskyn (Luk. 24:34; 1 Kor. 15:5). Van hierdie verskyning is daar niks verder bekend nie.

4.4 Manne van Emmaus

Op die middag van hierdie opstandingsdag het Jesus verskyn aan twee manne wat op pad was na ’n dorpie met die naam Emmaus.

- Hulle was druk in gesprek oor wat daar met Jesus gebeur het. Terwyl hulle ernstig met mekaar gepraat het, het Jesus self aangekom en saam met hulle geloop. Hulle het Hom nie herken nie.
- Hy het hulle bestraf oor hulle ongeloof, en uit al die Skrifuitsprake wat op Hom betrekking het, aangetoon dat die Christus hierdie dinge moes ly om sy heerlikheid in te gaan.
- Toe hulle by Emmaus kom, het Jesus saam met hulle in die huis ingegaan. Hy het saam met hulle aan tafel gaan sit en die brood gebreek nadat Hy die seën gevra het.
- Toe het hul oë oopgegaan, en hulle het Hom herken, maar Jesus het uit hulle gesig verdwyn. Toe het hulle opgestaan en Jerusalem toe gegaan om aan die dissipels te gaan vertel dat Jesus opgestaan het.

4.5 Die dissipels – sonder Tomas

Nog steeds op dieselfde dag het Jesus aan sy dissipels verskyn. Hulle het in 'n huis saamgekom waar hulle uit vrees vir die Jode die deure gesluit het.

- Jesus het ongemerk binnegekom en vir hulle gesê: “Vrede vir julle.” Hy het hulle sy hande en sy sy gewys.
- Die dissipels was bly toe hulle Hom sien. Hy blaas toe op hulle en sê: “Ontvang die Heilige Gees.” Die dissipels is dus amptelik met die Heilige Gees toegerus vir hulle werk in die koninkryk van die hemele.
- Tomas was nie by hierdie geleentheid saam met hulle nie.

4.6 Die dissipels – met Tomas

'n Week later was die dissipels weer bymekaar, en hierdie keer was Tomas saam met hulle.

- Tomas wou eers nie glo dat Jesus opgestaan het nie.
- Jesus het weer ongemerk binnegekom en vir hulle gesê: “Vrede vir julle.”
- Toe sê Hy vir Thomas: “Bring jou vinger hier en kyk na my hande; en bring jou hand en steek hom in my sy; en moenie langer ongelowig wees nie, maar wees gelowig.”
- Thomas sê toe vir Hom: “My Here en my God!” Toe sê Jesus vir hom: “Gelukkig is dié wat nie gesien het nie en tog glo.”

4.7 Dissipels by die See van Tiberias

Hierna het Jesus weer aan sewe van sy dissipels verskyn by die See van Tiberias.

- Die sewe dissipels was die hele nag op die see, maar hulle het geen vis gevang nie. Met dagbreek het Jesus op die strand gestaan, maar hulle het nie geweet dat dit Hy was nie.
- Jesus sê toe vir hulle om die net aan die oorkant van die skuit uit te gooi, en toe vang hulle 'n groot klomp vis. Johannes sê toe vir Petrus: “Dit is die Here!” Petrus het sy hemp aangetrek en in die water gespring om na Jesus toe te swem.
- Na die wonderbare visvangs het hulle daar op die strand saam geëet.
 - Hier het Jesus drie keer vir Petrus gevra of hy Hom liefhet, en Petrus het drie keer bely dat hy Hom liefhet.
 - Jesus het elke keer vir Petrus in sy amp herstel met die woorde “Laat my lammers wei”, “Pas my skape op” en “Laat my skape wei”. Die drie keer was nodig omdat Petrus die Here drie keer verloën het.
 - Hierna het Jesus aan Petrus bekend gemaak deur watter soort dood hy God sou verheerlik.

4.8 Verdere verskynings van Jesus

- Ons lees van nog 'n verskyning van Jesus aan sy dissipels op 'n berg in Galilea. **Hier het Jesus aan sy dissipels die sendingbevel gegee** (Matt. 28:19).
- Dit is moontlik dat hierdie verskyning saamgeval het met die **verskyning aan meer as 500**

broeders, waarvan ons lees in 1 Korintiërs 15:6.

- **Jesus het ook verskyn aan Jakobus** (1 Kor. 15:7) – waarskynlik Jakobus, die broer van die Here. Hierdie Jakobus was later ouderling in die gemeente van Jerusalem.
- Laastens het Jesus aan sy dissipels verskyn met sy hemelvaart. Dit het gebeur by Betanië.
- Ná sy hemelvaart het die Here Jesus aan Paulus verskyn toe hy op pad was na Damaskus toe om Christene te gaan doodmaak (Hand. 9)!

5. Jesus se hemelvaart

5.1 Jesus se opdrag aan sy dissipels

Jesus het ná sy opstanding nog **40 dae** op die aarde vertoef voordat Hy opgevaar het na die hemel.

- Een van sy laaste opdragte was sy sendingbevel aan sy dissipels. Volgens die Evangelie van Matteus het Jesus hierdie opdrag gegee op die berg in Galilea. Jesus het aan sy dissipels gesê: “Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels; doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het” (Matt. 28:18,19). Daarmee het Jesus sy diensknegte uitgestuur na alle volke om vir Hom onderdane te maak, en om hulle in die waarheid te onderwys.
- Met hierdie opdrag is die sending ’n roeping van die kerk, en geen volk mag van die sending uitgesluit word nie. Die sendingwerk hou ook nie op voordat alle volke die Woord van Jesus as Koning gehoor het nie. Al die nasies moet dissipels gemaak word, en hulle moet ook die merkteken van hul onderdaanskap dra. Daarom Jesus se bevel dat hulle ook gedoop moet word.

5.2 Jesus se belofte aan sy dissipels

Jesus belooft ook: “Onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”

- Al moet die belofte so verstaan word dat Jesus wel nie liggaamlik by sy dissipels sal wees nie, maar geestelik, is dit ’n baie troosryke belofte.
- Hy het belooft dat daar baie wondertekens deur hulle sal plaasvind: duiwels sal uitgedryf word, hulle sal in ander tale praat, hulle sal slange met die hand optel, gif sal hulle geen kwaad doen nie, en hulle sal siekes gesond maak deur hulle die hande op te lê (kyk Mark. 16:17,18).
- Hiermee is bedoel die buitengewone gawes waarmee die dissipels in die eerste apostoliese tyd opgetree het.

5.3 Jesus se afskeid en hemelvaart

Na hierdie verskyning van Jesus het die dissipels na Jerusalem teruggegaan.

- Op die veertigste dag na sy opstanding het Jesus weer in Jerusalem aan hulle verskyn. Hy het die dissipels beveel om nie van Jerusalem af weg te gaan nie, maar om te wag op die gawe van die Heilige Gees wat die Vader belooft het.
- Die dissipels het nog tot in hierdie stadium die herstel van ’n aardse koninkryk verwag. Hulle het aan Jesus gevra: “Here, is dit nou die tyd dat U weer die koninkryk vir Israel gaan oprig?” Jesus het hulle geantwoord: “Dit is nie vir julle om die tyd en omstandigheid te weet wat die Vader in sy eie mag bepaal het nie.”
- Hy het aan hulle belooft dat die krag van die Heilige Gees oor hulle sal kom en dat hulle sy getuies sal wees in Jerusalem en die hele Judea, en in Samaria, en tot in die uithoeke van die aarde.

Hierna het Jesus sy dissipels uitgelei na die Olyfberg. Hy het sy hande seënend oor hulle uitgestrek en so is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien. Hulle het Hom agternagekyk totdat ’n wolk Hom weggeneem het.

5.4 Die boodskap van die engele

Terwyl hulle nog na die hemel opkyk, het daar twee mans in wit klere by hulle gestaan. Dit was engele wat hulle kom vermaan en vertroos het.

- Die dissipels moes dit verstaan dat hulle nou liggaamlik van Jesus moes afsien, maar hulle is ook getroos met die belofte dat Jesus net so weer sal terugkom as wat hulle Hom sien weggaan het.
- Hoewel daar dus geen tasbare gemeenskap meer met Hom was nie, kon hulle nou verlangend vooruit kyk na sy Wederkoms. Hierom kon hulle met blydschap teruggaan na Jerusalem om te wag op die Heilige Gees.

Jesus is egter nie werkloos in die hemel nie.

- Vanuit die hemel regeer Hy sy kerk deur sy Woord en Gees.
- Hy is ook Voorbidder van sy gelowiges by die Vader, en
- Hy is besig om vir sy volk plek voor te berei (Joh. 14:2).